# 'n Ondersoek na die impak van 'n storiegebaseerde onderwyseropleidingsprogram oor taal en vroeë geletterdheid by 4- en 5-jariges

## Little Stars: 'n Taal- en geletterdheidsprogram wat gemik is op die professionele ontwikkeling van onderwysers wat 4- en 5-jariges onderrig

Hierdie oorsig is die eerste in 'n reeks van vyf navorsingsoorsigte wat 'n ondersoek doen na die impak van 'n storiegebaseerde onderwyseropleidingsprogram oor taal en vroeë geletterdheid by 4- en 5-jariges. Hierdie oorsig fokus op kernelemente van die program, en op die ontwerp van 'n studie om die doeltreffendheid daarvan te verken.

Vroeëkindontwikkeling- (VKO-) onderwysers speel 'n noodsaaklike rol om vir jong kinders leerervarings te skep waarin taal en gedrukte teks sentraal staan. Daar is 'n behoefte aan bewysgebaseerde onderwyserontwikkelingsprogramme en -hulpbronne wat toepaslik is vir die konteks waarin dit gebruik word en wat taalonderrig van gehalte ondersteun.

Die Little Stars-program is sorgvuldig ontwerp om aan die spesifieke behoeftes, kenmerke en omstandighede van vroeëkindontwikkeling te voldoen in kontekste in Suid-Afrika waar daar beperkte toegang tot hulpbronne is.

Die program:

- is ontwerp vir kontekste waar kinders in hul vroeë lewensjare moontlik beperkte geleenthede gehad het om taal aan te leer of aan boeke blootgestel is.
- gebruik 'n wye verskeidenheid stories deur verskillende skrywers en illustreerders om verskeie kulture en tale te weerspieël. Die stories, wat deur Book Dash, African Storybook en Nal'ibali uitgegee word, is vrylik beskikbaar deur middel van Creative Commons-lisensies.
- ondersteun onderrig en leer in die moedertaal.
- moedig onderwysers aan om die diversiteit van tale wat kinders na die klaskamer bring te omarm, en ondersteun ook leer in 'n addisionele taal.
- erken hoe belangrik dit is om die huis- en voorskoolse omgewing te integreer.
- stel kinders en onderwysers in staat om die doel en betekenis van gedrukte teks in hul lewens te verken.

Die program is in ooreenstemming met die Nasionale Kurrikulumraamwerk (NKR), met stories wat in verband gebring word met die ses Vroeë Leer- en Ontwikkelingsareas (VLOA's). Dit volg 'n spelgebaseerde benadering tot onderrig en leer en volg 'n soortgelyke formaat as Wordworks se storiegebaseerde onderrigprogram vir huistaal in Graad R, wat wyd gebruik word. Dit is ontwerp rondom die volgende kernbeginsels van vroeë leer:

- Kinders leer die beste wanneer **nuwe leerervarings sin maak** en verband hou met iets wat bekend is.
- Kinders leer deur **aktief te wees**, **dinge te doen** en **al hul sintuie te gebruik**.
- Kinders maak sin van dinge deur **stories** en **spel**.
- **Koesterende** en **deelnemende verhoudings** en **gehalte-interaksie tussen volwassenes en kinders** is noodsaaklik vir leer en taalontwikkeling.
- Kinders leer die beste wanneer ons **reageer op dit waarin hulle belangstel** en met hulle in **gesprek kan tree**, hul **idees** kan **deel** en **vrae kan vra en beantwoord**.
- Leer vind plaas in 'n omgewing waar almal **welkom, ingesluit en gerespekteer voel** en **aangemoedig word** om **deel te neem**.
- **Struktuur**, **roetine**, **oefening** en **herhaling** is belangrik vir jong kinders om te kan leer.
- Kinders ontwikkel teen hul **eie tempo** en dit kan **baie pogings** verg om nuwe vaardighede of kennis te ontwikkel.
- Om nuwe woordeskat te leer, moet kinders **woorde hoor en gereeld gebruik**, in **verskillende kontekste** en dit in verband bring met **stories**, **prente**, **aksies** en **ervarings in die werklike lewe**.
- Kinders leer die beste wanneer hulle **iets geniet**!




## *Little Stars – belangrike kenmerke*

**Mondelinge storievertelling** bied aan kinders 'n brug tot geskrewe taal. Wanneer kinders 'n storie hoor en dan dieselfde storie in geskrewe vorm sien, maak dit vir hulle die deure na die towerwêreld van gedrukte taal oop – gesproke taal kan op 'n bladsy weergegee word!

Elke siklus van twee weke begin met **'n nuwe storie wat vertel word**, en dan **oorvertel word**, terwyl daar op teikenwoordeskat gefokus word. Kinders word dan betrek by **storiegebaseerde aktiwiteite**:

- 'n **Liedjie of rympie** versterk woordeskat uit die storie.
- Kinders doen 'n **rolspel** van die storie, wat hulle die kans gee om nuwe woordeskat en frases in die storie te gebruik. Kinders sien wat die doel van gedrukte taal is deur lees en skryf in hul opvoering te gebruik.
- Wanneer die storie aan die hand van kaarte met opeenvolgende prente **oorvertel** word, bou dit 'n begrip van narratiewe struktuur (agtergrond, karakters, begin, middel, einde). Dit ontwikkel die vaardighede om gebeure te kan voorspel en in volgorde te plaas.
- Die aktiwiteit waar **'n onderwyser 'n groot boek lees**, onderrig konsepte van gedrukte taal, naamlik dat ons van links na regs lees, en wys vir kinders hoe geskrewe woorde gesproke taal voorstel.
- Die aktiwiteit waar **kinders die storie** aan die hand van hul eie klein boekies **vertel**, bou kinders se selfvertroue en identiteit as lesers. Wanneer hulle vir ander kinders lees, skep dit vir hulle 'n assosiasie tussen lees en genot.
- Kinders kan hulself uitdruk deur **hul gunstelingdeel van die storie te teken** en sien hoe **volwassenes hul woorde** oor hul tekeninge **neerskryf**.
- Wanneer kinders **met 'n doel lees en skryf**, sien hulle die waarde van gedrukte taal, en ontwikkel hulle die selfvertroue om 'n idee te deel en te sien hoe hul onderwyser dit neerskryf.
- **Die skep van 3D-voorwerpe** wat met die storie verband hou, ontwikkel kinders se fynmotoriese en visuele motoriese integrasievaardighede. Dit is ook 'n noodsaaklike stap om te leer om in 2D te teken.
- **Luisteraktiwiteite en aktiwiteite vir fonologiese bewustheid** ontwikkel luister- en onthouvaardighede. Kinders leer om aandag te gee aan die eerste klank en lettergrepe in woorde.



Navorsingsoorsig

# 1

Die Little Stars-program is ontwerp om prakties uitvoerbaar te wees en maklik om te implementeer in kontekste met min of beperkte hulpbronne.

## Die opleiding:

- is nie intensief nie.
- behels opleiding oor twee dae, gevolg deur maandelikse werksessies oor 'n tydperk van 6–8 maande.
- sluit een besoek deur 'n opleidingsbeampte wat ondersteuning bied, in.
- is in deelnemers se huistaal.

## Die opleidingsprogram:

- sluit een daaglikse onderrigaktiwiteit in 'n siklus/roetine van twee weke in.
- verg slegs 15–30 minute per dag.
- kan in 'n bestaande daaglikse onderrigprogram geïntegreer word.
- is versoenbaar met verskeie programformate en kurrikula.
- bied aan onderwysers riglyne en hulpbronne om die leer van taal en geletterdheid te bevorder.
- sluit herhaling van kernaktiwiteite in, wat kinders en onderwysers vertroud maak daarmee en selfvertroue bou.

## Die materiaal:

- is ontwerp vir toeganklikheid en maklike gebruik.
- sluit gestruktureerde onderwysersgidse in met voorskriftelike stappe vir elke aktiwiteit.
- sluit onderwysersgidse in huistale in, afgewissel met Engels.
- is onder 'n Creative Commons-lisensie gelisensieer.
- is bekostigbaar.
- sluit vindingryke oplossings in om drukkoste te verminder (bv. fotokopieerbare, opvoubare klein boekies).




**_Meer inligting oor die Little Stars-opleidingsprogram en -materiaal is beskikbaar by: www.wordworks.org.za._**

## Navorsingsprojek

Om die doeltreffendheid van die program te ondersoek, is 'n studie[1] met die volgende navorsingsvrae ontwerp:

- Word die Little Stars-klaskamerprogram as nuttig en prakties uitvoerbaar beskou vir onderwysers met beperkte formele opleiding om doeltreffend in kontekste met min of beperkte hulpbronne te implementeer? (Kyk **Oorsig 2**.)
- Wat is die uitwerking van 'n hulpbrongebaseerde program op onderwysers se onderrigpraktyke en op interaksie in die klaskamer? (Kyk **Oorsig 3**.)
- Wat is die uitwerking van die storiegebaseerde intervensieprogram op kinders se vroeëgeletterdheids- en taalvaardighede? (Kyk **Oorsig 4** en **5**.)

## Deelnemers

Die basislynsteekproef is saamgestel uit 56 onderwysers (29 isiXhosa, 27 Afrikaans) van VKO-sentrums. Deelnemers is gewerf deur middel van plaaslike VKO-forums en NRO's in Paarl, Wellington en Khayelitsha (Inceba Trust, Sikhula Sonke en Ikamva Labantu). Hierdie NRO's ondersteun en verskaf opleiding aan VKO-onderwysers en lê gereeld besoek af by VKO-sentrums om ondersteuning te verleen en hulle vordering te monitor. Die finale steekpoef het 51 onderwysers ingesluit (25 isiXhosa, 26 Afrikaans).

**Gelde van VKO-sentrums:** R120–R650/maand ('n gemiddeld van R363 per maand)

**Gemiddelde onderrigervaring:** 7 jaar, met 20% van die steekproef in hul eerste of tweede jaar van onderwys

**Onderwyserkwalifikasies:** 21% het geen kwalifikasies gehad nie, matriek, of NKR Vlak 1-kwalifikasie; 73% het oor 'n NKR Vlak 4- of 5-kwalifikasie beskik en 6% het 'n VKO-diploma of NKR Vlak 6-kwalifikasie gehad.

Die basislyn kindersteekproef het uit 308 kinders bestaan wat ewekansig vanuit VKO-sentrums gekies is (154 Afrikaans en 154 isiXhosa). Die finale steekproef het 246 kinders ingesluit (135 Afrikaans en 111 isiXhosa) met 'n gemiddelde ouderdom van 55 maande.

[1] Etiese toestemming vir die navorsing is deur Universiteit Stellenbosch verkry [N21/05/047]

## Navorsingsontwerp

Onderwysers is ewekansig toegeken aan óf die intervensiegroep óf die kontrolegroep. Die onderwysers in die intervensiegroep het aanvanklike opleiding oor twee dae bygewoon, gevolg deur maandelikse werksessies van Februarie tot Augustus. Werksessies is in isiXhosa en Afrikaans aangebied, en onderwysersgidse is in die praktisyns se huistaal, asook Engels verskaf. Die werksessies het op 'n roetine van aktiwiteite gefokus (wat om te doen), stappe vir elke aktiwiteit (hoe om die aktiwiteite te doen), en waarom die aktiwiteite belangrik is.

Die kontrolegroep het dieselfde opleiding vanaf Augustus tot Desember 2022 ontvang.

## Hulpbronne

Die Little Stars-program sluit 18 storiepakkette in, elk met 'n daaglikse aktiwiteit vir 'n tydperk van twee weke. Dit dek 'n totaal van 36 onderrigweke, met vyf aktiwiteite per week.

Elke Little Stars-storiepakket sluit in:

- 'n Onderwysersgids met riglyne vir daaglikse aktiwiteite oor 'n siklus van twee weke.
- 'n Groot boek, 2D-handpoppe, opeenvolgende prente en 'n fotokopieerbare klein boekie.

Onderwysers in beide groepe het by elke opleidingswerksessie 'n storiepakket ontvang.




## Insameling van data

Waarnemings in die klaskamer en assesserings van kinders is voor en ná die implementering van die studie gedurende Februarie/Maart 2022 en Augustus/September 2022 gedoen.

***Ons gee met dank erkenning aan die British Academy vir hul ruim navorsingstoelae (ECE 190079).***
***Die reeks navorsingsoorsigte is deur Lancaster University FST Impact Fund befonds.***